

29 Mei

Nooit was daar alleenheid soos syne nie – om ons van die hel te verlos

Skrifgedeelte: Markus 14:27-31; 43-52

Fokusgedeelte: Markus 14:31, 50

'n Mens hoef nie noodwendig alleen te wees om eensaam te voel nie. Soms kan jy tussen baie mense droewig en alleen voel. Natuurlik kan alleenheid ook vir jou die geleentheid bied om jou heerlik te verdiep in 'n boek, in die natuur, in jou eie gedagtes of om die Here se teenwoordigheid by jou te voel.

Jesus het Homself dikwels afgeskei om alleen te wees – veral om in gebed met sy hemelse Vader te praat. Maar die eensaamheid en alleenheid van sy diepste lyde aan die einde van sy aardse lewe het 'n aanvang geneem toe al sy volgelingen eensklaps van Hom af weggehardloop het. Hy het dit verwag en dit vir hulle voorspel, maar dit was vir Hom na sy mensheid 'n ontsettende skok. Hulle moes vlug om hulle lewens te behou sodat hulle later met hulle werk kon voortgaan. Al sy dissipels wat pas vantevore plegtig beloof het dat hulle bereid is om saam met Hom te sterf, het gevlug, weggehardloop, gemaak dat hulle wegkom.

Almal het Hom verlaat, selfs Petrus wat oomblikke vantevore nog sy swaard uitgepluk het, en ook 'n jong man wat net 'n linnedoek omgehad het en dit in die grypende hande van die vyand moes laat en nakend weggehardloop het. Almal wat so naby aan Hom was, was skielik weg. Jesus was nog omring deur 'n skreeuende en moorddadige klomp mense, maar Hy was alleen. Toe het die alleenpad van sy bitterste lyding begin en dit het uitgeloop op die grootste mense-eensaamheid toe Hy ook deur God verlaat is.

Hy was eensaam en tog omring van mense – spotters, soldate, haters, moordenaars. Hy was eensaam om almal wat in Hom glo, van eensaamheid te verlos. Sy eensaamheid is tot ons troos as eensaamheid ons skielik oorval deur die dood van 'n dierbare, of die verlange en eensaamheid as jy aan jou kinders dink wat ver oorsee is.

Veral het sy eensaamheid ons verlos van die eensaamheid van die hel waar God sy teenwoordigheid sal onttrek van hulle wat nie in Hom geglo het nie. Nooit was daar alleenheid soos syne nie – om ons van die hel te verlos.

Sing: Psalm 22:1, 3 (2001-omdigting)

Ds. Bertie Ligthelm (Emeritus)